Naam: ____________________________________

# Werkboek:

# Dubbelaanvangsklanke


# tr- tw- vl- vr-

Die vlooie pla my baie. Ek krap hulle een vir een af. Soek die vlooie op bladsy 1 – 14. Lekker soek!



Lees die tr- woorde hardop en skryf dit dan in jou werkboek!

# tr-



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| traan | trap | tref | trek | treur |
| tril | trog | trok | troon | troos |
| trop | tros | trou | | |

Onderstreep al die tr- woorde in die storie.


Leestyd



Op die trein trek Tryn haar blou trui aan en eet ‘n druif van die tros af. In die laaste trok van die trein is daar ‘n trop vee van Mnr. Trompie.

Tryn gaan besoek haar niggie, in die Transkei, wat op troue staan. Na die troue gaan Tryn vir haar ouers in die Transvaal kuier.

## Kan jy tr- woorde bou met hierdie klanke.




| | |
|---|---|
| tr | tr |
| tr | tr |
| tr | tr |


## Skommel sinne

- Begin die sin met die onderstreepte woord en skryf die reg oor in jou werkboek.

1. veld. trop skape **Die** wei in die

2. trokke **Daar** aan is twee die trein. Agter



HOU OOP VIR KNIP VAN
BLADSY!




Knip die prente uit. Skryf 'n sin langs elke prent in jou werkboek.












HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!

Lees die woorde hardop en skryf dit netjies in jou werkboek.

- Skryf 'n sin met elkeen van die woorde in jou werkboek.

# tw-


| | | |
|---|---|---|
| twee | twak | t wis |
| twaalf | twintig | twyfel |
| tw | | |

- Lees die sin.
- Skryf nou jou eie sin met van die tw-woorde in jou werkboek.






"Twis julle twee nog steeds oor twee twintigsentstukke?" vra pa vir die tweeling.



# vl-




vliegtuig

Lees die woorde hardop en skryf dit netjies in jou werkboek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vlaag | vlag | vlak | vleg | vlei |
| vleis | vlerk | vlieg | vlooi | vloot |
| vlug | vliegtuig | | | |

# vr-



vragmotor

Lees die woorde hardop en skryf dit netjies in jou werkboek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vraag | vraat | vrag | vrat | vrees |
| vreet | vroeg | vrou | vrug | vryf |
| vragmotor | | | | |

| |
|---|
| • Watter vl- ov vr- woord of woorde pas die beste by die volgende prentjies? |
| • Knip die prente uit en plak dit in jou werkboek. |
| • Skryf 'n sin by elke prent. |











HOU OOP VIR KNIP VAN BLADSY!



# Leestyd




## "n Groot avontuur

Jan en San is baie opgewonde.  Saterdag middag gaan hulle saam met hulle oom in 'n klein **vl**iegtuig oor die wildtuin **vl**ieg.  Oom Frans werk vir die **wildtuin** en is 'n vliegtuigloods.

Baie **vr**oeg Saterdag oggend is Jan en San al uit die vere.  Hulle kan nie wag om te ry nie.  Elf-uur roep pappa hulle: "Kom kinders ons gaan nou ry!"

By die lughawe ontmoet oom Frans hulle en neem hulle na die klein **vli**egveld weg van die groot **vli**egtuie af.  Op die **vl**iegtuig is die Suid-Afrikaanse lands**vl**ag geverf.




Gou-gou maak hulle gereed om op te styg.
Oom Frans vertel hulle wat al die instrumente beteken en dat elke knoppie 'n ander werk doen.


Jan en San sit hulle sitplekgordels aan en vinnig begin die **vl**iegtuig vorentoe te beweeg.  Net gou is hulle baie hoog in die lug.  Alles lyk klein van hier bo af.

Oom Frans **vli**eg reguit na die wildtuin. Hy moet gaan tel hoeveel diere hy by die groot **vl**ei in die wildtuin kan sien. Jan en San moet hom met hierdie groot taak help.

Toe hulle oor die vlei begin vlieg, sak oom Frans laag af met die vliegtuig, sodat hulle alles duidelik kan sien.

'n Klomp aasvoëls sit om 'n karkas en skeur 'n bok se **vl**eis van die bene af. Twee van die aasvoëls sit met hulle vlerke wyd oopgesprei.





Nie ver daarvandaan nie sien hulle leeus wat aan 'n groot buffel **vr**eet.

Hulle vlieg ook oor 'n groot **vr**agmotor en al die werkers waai vir hulle. Oom Frans vertel hulle dat die werkers moet sorg dat die drade rondom die wildtuin altyd heel is.



Jan en San maak aantekeninge van al die bokke en ander diere wat hulle sien.

Al te gou is die rit in die vliegtuig verby. Daardie aand kon Jan en San nie uitgepraat raak oor wat hulle alles gesien en ervaar het nie.

## Begripstoets

- Beantwoorde die vrae in jou werkboek.

1. Waaroor is Jan en San opgewonde?
2. Watter tipe werk doen Jan en San se oom?
3. Watter belangrike werk doen die werkers wat hulle gesien het?
4. Hoekom is die werk so belangrik?
5. Wie het hulle lughawe toe geneem?
6. Waar het oom Frans baie laag gevlieg?
7. Wat was op die kant van die vliegtuig geverf?
8. Hoekom moes die kinders sitplekgordels aansit?




Doen eenvoudige navorsing.

# Aasvoëls

- Baie aasvoëls in Suid-Afrika word bedreig deur uitwissing.
- Gaan vind uit hoekom aasvoëls in ons land besig is om uit te sterf en hoeveel soorte aasvoëls ons in Suid-Afrika kry.

Identifiseer die uitwerking van besoedeling op die omgewing.

SW LO3.3




- Sien www.dracoart.com

# Hoe om 'n aasvoël te teken.




**STEP 1.**

This first step is not really a step at all but more of a helpful tip. There is three parts that I talk about when explaining how to draw a cartoon vulture. To read the tips all you have to do is enlarge the step and read what it says.



## STEP 2.

Let's start this real first step by drawing a circle for the head and then a banana like shape for the beak. You will then add the line for the neck and then attach it to the egg shaped body. Draw the clawed feet and move to the next step.




## STEP 3.

Now all you have to do is start drawing out the actual shape of the head and then draw the arched shape of the beak.




## STEP 4.

Sketch out some pieces of hair on the head and then sketch out the feathers that are bunched up around the lower part of the neck. Once that is complete you will sketch out the droplets of blood that is on the tip of the beak. Next begin sketching out the shape of the neck and then the eye shape.




## STEP 5.

Sketch out the shape of the wing and then draw out the feet as you see them here. Once that is done you will sketch in some feather detailing and then begin to draw out the branch that the vulture is sitting on.



## STEP 6.

This is your last drawing step and all you have to do is finish sketching out the length of the tail and then draw out the tree branch and all the bark detailing that is on it. Once that is done you can start erasing all the guidelines and shapes that you drew in step one.

